

**Sing vooraf:** Psalm 24:4 (p.112)

- 4 Verhoog, o poorte, nou die boog; / rys, eewge deure, rys omhoog,  
want Hy klop aan, die Erekening! / Wie is die Vors, vol majesteit?  
Die HEER, geweldig in die stryd – / dis Hy wat optrek na sy woning.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 48:4 (p. 245)

- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk  
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,  
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning  
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.  
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

Psalm 68:8 (p. 333)

- 8 Gods eng'lemagte bo die swerk / het, tien en tien maal duisend sterk, / slagvaardig uitgeswewe;  
by hulle is sy majesteit / 'n Sinaï in heiligheid, / deur bliksemlik omgewe.  
U het omhoog gevaar vol eer; / die kerker was u buit, o HEER, / en gawes u beloning  
wat neerdaal op die mensekind; / selfs wie opstandig is, dié vind / by U, o HEER, 'n woning.

Skriflesing: Johannes 14

Teks: Johannes 14:6; Kategismus Sondag 6

**Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.**

(Johannes 14:6 AFR1953)

Dit was seker maar alle eeue lank so dat daar bedelaars rondgeloop het wat kos en drank gebedel het. Die Here Jesus vertel ons van so 'n geval in die Nuwe Testament:

**En daar was 'n bedelaar met die naam van Lasarus wat vol swere voor sy ('n ryk man) poort gelê het.** (Lukas 16:20 AFR1953)

Die bedelaars bedel dinge wat hulle deur die dag kan sien.

- Maar watter mens het die versienheid om te weet dat ons almal in 'n groot nood is wat maak dat elke dag se kleinighede heeltemal verdwyn?
- Wie voel die ang van die oomblik aan wanneer ons van dié lewe af moet verder gaan na die lewe ná die dood as ons nie daarvoor toegerus is nie?

Daar is vier sake wat veral baie belangrik is in die saak van die Middelaar tussen God en die mense.

- 1. Die eerste is dat die verlossing natuurlik net mense raak wat daaraan behoefte het.**
- 2. Die tweede is dat mense wat wel 'n Verlosser soek, een moet soek wat aan bepaalde vereistes voldoen.**
- 3. Die derde is die waarde wat so 'n Verlosser het.**
- 4. Die vierde saak is waar ons so 'n Verlosser leer ken.**

### **1. Die eerste is dat die verlossing natuurlik net mense raak wat daaraan behoefte het.**

Tomas het in die noute geraak oor 'n baie aardse ding: Waar gaan ek heen as die Here Jesus die dag nie meer op die aarde is nie.

- Die Here Jesus het elke dag vir hulle gesorg vir alles wat hulle nodig gehad het.
- Toe, op 'n dag, sê Hy vir hulle dat Hy weggaan.
  - Hy gaan na sy Vader se huis toe, maar hulle moenie bekommerd wees daaroor nie, want daar is baie blyplek in sy Vader se huis.
  - Hy gaan daar vir hulle plek regmaak.

Tomas was dadelik bekommerd:

- In watter dorp sal dit wees?
- Hoe gaan hy die pad daarheen kry want hy het aan 'n plek gedink wat iewers op die aarde moet wees.
- Daarop het die Here Jesus geantwoord dat ons Hom moet soek en volg, dan kom ons by die ewige adres uit.
- So word die hoop op verlossing gewek by die hele mensgeslag.

Die mens wat net lewe vir daaglikse brood en vooruitgang in die lewe en prestasie alleen, is die ellendigste van alle mense (1 Korinthiërs 15:1) skryf die apostel Paulus.

- Prestasie en materiële middele is belangrik, maar dit kan nooit die permanente verlossing bied nie.

Die hoofsaak is: Hoe word ek verlos?

- Hoe gaan ek eendag in die ewige lig by God in?
- Ons kan net op een enkele manier verlos word, en dit is as daar genoegdoening is aan die toorn van God vir die sonde wat ons begaan het.
- Die Heilige Gees laat Paulus in Romeine 8:4 skryf dat die reg van die wet vervul moet word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.
- Die wat na die vlees wandel, is die mens in sy sonde.

Dié wat verlos wil word, moet na die Gees wandel. Met ander woorde, die reg van die Here se wet moet in hulle lewens vervul word. Verse 5 en 6 stel die verskil tussen die vleeslike en die geestelike mens.

- Die vleeslike mens se lewe draai al om die dood rond.

- Dood beteken hier meer as net om te sterf aan die einde van jou lewe.
- Dood is hier om in die hel te wees – dit is om sonder God te wees ook nadat jy op die aarde gesterf het.

Dis die kern van die saak – dis waarom dit gaan.

- Dis die saak wat maak dat ons bang is om te sterf, want ons weet nie waar maak ons ons oë oop nie! Die vrees bestaan dat dit in die hel mag wees!

Dis waarom ons almal die geweldige behoefte voel na verlossing.

- lewers moet daar hoop wees.
- lewers in sy Raadsplan moet God genade hê.

Die genade is reeds in die eerste dae van die geskiedenis verkondig.

- Terwyl God die mens en die aarde gestraf het, het Hy ook hierdie genade geleer: Iemand uit die nageslag van Eva sal gebore word om die verlossing te bewerk.

Die totale geskiedenis van die mensdom bewys dat ons self geen verlossing kan bewerk nie. Ons kan niks doen wat ons by die straf van die Here kan laat verbykom nie.

- Ons beste werke is steeds vol sondevlekke.
- Dawid skryf in Psalm 51:7 dat hy in ongeregtheid gebore is, en dat sy moeder hom al in sonde ontvang het! Van die heel eerste oomblikke van sy bestaan af was hy en die sonde bondgenote!
- Geen mens wat so in die wêreld kom, kan die sonde vir homself ontvlug of oorwin nie.

Daarom het ons net die hoop op die Verlosser wat God belowe. Dit kom ook duidelik uit in die wanhoop in Tomas se woorde toe Hy gevra het waar ons dan die Here weer gaan sien as Hy nou van ons af weggaan!

Die Here Jesus was natuurlik God self, maar Hy was ook mens soos ons. In sy antwoord aan Tomas gee Hy duidelik die beginsel:

- Ons Verlosser moet eerstens waaragtig mens wees maar terselfdertyd ook God self.
- Hy is die Een! Daarom het ons hoop op verlossing. Hy – God – vervul sy belofte en gaan maak vir ons blyplek in die hiernamaals reg.

## **2. Die tweede is dat mense wat wel 'n Verlosser soek, een moet soek wat aan bepaalde vereistes voldoen.**

Hier, weet ons dadelik, is daar is twee sake van belang. Die Middelaar moet honderd persent God wees en honderd persent mens. Dit lê in die Here se antwoord aan Tomas ingebou.

Waarom moet Hy in die eerste plek werklik 'n mens wees en moet Hy absoluut regverdig en volmaak wees?

- Die hoofrede is omdat dit nie ons beskikking is nie, maar God s'n.
- Hy het geoordeel dat daar deur 'n mens aan sy oordeel en sy reg voldoen moet word.
- God se regverdigheid beslis dit omdat dit 'n mens was wat aan God ongehoorsaam was.
  - Uit die gesigspunt van God se geregtigheid is dit onregverdig om 'n ander natuur te straf as die een wat oortree het.

- Anders gesê: God se regverdigheid beslis dat slegs die natuur wat sondig, gestraf moet word.

Daarom word 'n dier of enigiets anders uit die skepping buite orde gereël om die mens met God te versoen.

- Die vraag kom dan dadelik na vore: Waarom het die Here dan in die Ou Testament die offerdiens ingestel?
- Die antwoord is dat die offers nie elke keer 'n versoening bewerk het as 'n dier geoffer is nie.
- Dit was egter elke keer 'n profesie of 'n voorspelling van die wyse waarop die Middelaar eendag sy werk sou volbring.

Daarby moet die Middelaar *regverdig* wees omdat dit in die sondeval en die lewe wat daarna gevolg het, gaan oor die onmag van die mens.

- 'n Onregverdige mens kan nie voor God bestaan nie.
- Geen besmette mens kan staan in die heilige lig wat die Drie-Enige Here omstraal nie.
- Daarom moet die Een wat voor God se regterstoel verskyn, 'n volmaak regverdige wees, anders kan die versoening net nie slaag nie.

Die eis vir die Godheid van ons Middelaar is eintlik nou al beantwoord.

- As 'n mens nie eers God se vriendelikheid kan oorleef voor sy direkte aangesig nie, hoe kan hy dan God se toorn dra sonder om verdelg te word?
- Die eis is vir 'n mens en vir die engele te swaar.
  - Dis waarom daar geskryf is dat die engele wat in die hemel by die Here diens doen, spesiaal 'n stel vierke het waarmee hulle hulle aangesigte bedek. Dit is sodat hulle nie verdelg moet word nie.

Ons mag ook nie vergeet dat die verlossingswerk tot vandag toe konsekwensies het nie.

- Die Here Jesus Christus het aan die kruis gesterf. Dis waar, maar wat net so waar is, is dat hy ook 'n ander Trooster gestuur het.
- Die Gees van God bevestig die verlossing aan ons, en lei ons om op die weë van God te kom.
- As die Middelaar nie God is nie, kan Hy ook nie die Heilige Gees terugstuur nie!

Die Middelaar wat ons van sondes moet verlos, moet ook die mag hê om Adam se sondes te versoen.

- Die verlossingsdaad moet dus kan teruggryp tot by die skepping, maar ook verder die toekoms in tot by die wederkoms.
- Die verlossingsdaad moet ook so sterk wees dat dit alle tye en alle nuwe strukture wat daar met die tye kom, kan deurstaan – anders is die verlossingsdaad uitgedien.
- Dit is tog nou baie duidelik: Die Middelaar kan net die **HERE** wees – God self in die werking van Een van sy Persone.

### 3. Die derde is die waarde wat die Verlosser het.

Die waarde van die Verlosser wat ons soek – en gekry het – is:

- Hy hef die vloek van God oor die mens en die skepping op. Ons lees tog in die Bybel dat die skepping met reikhalssende verlange wag om verlos te word.

- Die waarde is verder dat die Verlosser skeiding maak tussen die mense wat waardig is om te deel in die eer en heerlijkheid van God, en dié wat die HERE onteer het en wat sy geregtigheid en waarheid nie wou erken, bely en uitleef nie.
- Die verdere waarde van die Verlosser (Middelaar) en sy werk is dat ons die voorreg ontvang dat die Gees van God in ons woon.
  - Die betekenis daarvan is dat ons voortdurend geestelik gelouter word. Met ander woorde dat ons altyd versterk word as ons teenspoed beleef.
  - Dit is die Gees van God wat ons die krag gee om dit te oorleef, en ons geloof te behou.
  - Dis die Gees van God wat ons inspireer om op 'n punt van beslissing die regte keuse te maak.
  - Dis die Gees van God wat ons met die beeld van God versier, omdat ons dan ware kennis, geregtigheid en heiligheid kan openbaar – al is dit dan gebroke en onder die sonde.
- Die Verlosser gee aan my die ewige lewe. Wanneer ek sterf, verskyn ek lewend voor God terwyl my liggaam leweloos op die aarde agterbly.
- Die grootste krag en almag van die Verlosser kom na vore tydens die dinge wat Hy doen met die wederkoms!
  - Hy laat my liggaam volmaak uit die aarde opstaan en verenig dit weer met my siel.
  - Hy maak 'n totaal volmaakte nuwe aarde (en hemel) en Hy laat my met my verheerlikte liggaam vir ewig op die nuwe aarde woon waar ek Hom tot in alle ewigheid gaan loof en prys.

#### 4. Die vierde saak is waar ons so 'n Verlosser leer ken?

Waar leer ons die Middelaar ken? Daar is drie bronne.

- Die eerste en belangrikste bron wat die Kategismus noem, is die Bybel – die Woord van God.
  - Soos ons gesien het, het die HERE al op die dag van straf begin om die Middelaar aan ons te openbaar. Daarvandaan het die Bybel volgens 'n vaste patroon die koms en werking van die Messias geopenbaar.
    - Daar was die beloftes, profesieë in die Ou Testament dat die Messias aan die kom is en wat Hy gaan doen.
    - Dan is daar die bevestiging in die Nuwe Testament dat Christus gekom het en sy werk volbring het soos dit voorspel is.
- Dit bring ons by die tweede bron van kennis van Christus, wat die Kategismus nie noem nie, en dit is die openbaring deur die Heilige Gees.
  - In ons tyd openbaar die Heilige Gees die Here Jesus en die Vader se liefde en genade aan ons.
  - Al het ons die Bybel – en die Heilige Gees beweeg ons nie tot insig en geloof van Christus nie – help dit ons niks.
- Die laaste bron is die natuur. Ons lees in Romeine 1 dat alles wat van God geken kan word van die begin af in sy werke geopenbaar en duidelik geken kan word.
  - Hieruit moet ons aflei dat die behoefte aan die Middelaar ook deur die natuur geleer moet word.
  - Dit is so.
    - Kyk na droogte – dit is 'n roep om verlossing.
    - Kyk na siekte – dit is 'n roep om verlossing.
    - Hoor die apostel Paulus wat skryf dat die hele skepping sug . . .

Ons kan alles só saamvat: Om die evangelie te ken, is:

- om die Here Jesus Christus te ken;
- om Hom in liefde en diepe afhanklikheid te loof en te prys; en
- om Hom met 'n baie diep dankbaarheid te dank vir sy liefde en verlossing oor ons.

Kom ons lees wat ons hieroor bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 6:

**Vraag 16: Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?**

**Antwoord:** Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal (a). Maar die mens wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie (b).

(a) Eseg 18:4, 20; Rom 5:18; 1 Kor 15:21; Heb 2:14-16. (b) Heb2:26, 27; Ps 49:8; 1 Pet 3:18:

**Vraag 17: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?**

**Antwoord:** Om deur die krag van sy Godheid (a) die las van die toorn van God (b) aan sy mensheid te kon dra (c) en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee (d).

(a) Jes 9:5; 63:3; (b) Deut 4:24; Nah 1:6; Ps 130:3. (c) Jes 53:4, 11; (d) Jes 53:5, 11.

**Vraag 18: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God (a) en ware (b) regverdige mens is (c)?**

**Antwoord:** Ons Here Jesus Christus (d), wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het (e).

(a) 1 Joh 5:20; Rom 9:5; 8:3; Gal 4:4; Jes 9:6; Jer 23:6; Mal 3:1: (b) Luk 1:42; 2:6, 7; Rom 1:3; 9:5; Fil 2:7; Heb 2:14, 16, 17; 4:15. (c) Jes 53:9, 11; Jer 23:5; Luk 1:35; Joh 8:46; Heb 4:15; 7:26; 1 Pet 1:19; 2:22, 3:18. (d) 1 Tim 2:5; Matt 1:23; 1 Tim 3:16; Luk 2:11; Heb 2:9..(e) 1 Kor 1:30.

**Vraag 19: Waaruit weet jy dit?**

**Antwoord:** Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het (a). Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders (b) en profete (c) laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld; (d). Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul (e).

(a) Gen 3:15: (b) Gen 22:18; 12:3; 49:10. (c) Jes 53; 42:1-4; 43:25; 49:5, 6, 22, 23; Jer 23:5, 6; 31:32, 33; 32:39-41, Miga 7:18-20; Hand 10:43; 3:22-24; Rom 1:2; Heb 1:1. (d) Heb 10:1, 7; Kol 2:7; Joh 5:46. (e) Rom 10:4; Gal 4:4; 3:24; Kol 2:17.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 118:13 (p 579)

- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;  
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.  
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;  
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 8 Maart 2009 aanddiens